

Skriflesing: Jeremia 32:1-25; 42-44

Teks: **Jeremia 32:44b**

Sing- Ps. 89:1,3; Ps. 94:6,10; Ps. 143:1,2; Ps. 2:1,5

Jeremia 32:1-25

- Jer 32:1** Die woord wat van die HERE tot Jeremia gekom het in die tiende jaar van Sedekía, die koning van Juda—hierdie jaar was die agttiende jaar van Nebukadrésar.
- Jer 32:2** (Die leër van die koning van Babel het toe Jerusalem beleër, en die profeet Jeremia was opgesluit in die voorhof van bewaking wat in die huis van die koning van Juda is;
- Jer 32:3** waar Sedekía die koning van Juda, hom opgesluit het, met die woorde: Waarom profeteer jy en sê: So spreek die HERE: Kyk, Ek gee hierdie stad in die hand van die koning van Babel, en hy sal dit inneem;
- Jer 32:4** en Sedekía, die koning van Juda, sal uit die hand van die Chaldeërs nie ontvlug nie; maar hy sal sekerlik oorgegee word in die hand van die koning van Babel, en hy sal mond tot mond met hom spreek en oog in oog hom sien;
- Jer 32:5** en hy sal Sedekía na Babel bring, en daar sal hy wees totdat Ek op hom ag gee, spreek die HERE. Alhoewel julle teen die Chaldeërs veg, sal julle tog geen voorspoed hê nie.)
- Jer 32:6** En Jeremia het gesê: Die woord van die HERE het tot my gekom en gesê:
- Jer 32:7** Kyk, Hanámeël, die seun van Sallum, jou oom, kom na jou toe met die woorde: Koop vir jou my stuk grond wat in Anatot lê, want jy het die reg van lossing om te koop.
- Jer 32:8** En Hanámeël, die seun van my oom, het na my gekom volgens die woord van die HERE in die voorhof van bewaking en vir my gesê: Koop tog my stuk grond wat in Anatot in die land Benjamin lê, want jy het die reg van besit en jy het die lossing; koop dit vir jou. Toe het ek gemerk dat dit die woord van die HERE was.
- Jer 32:9** Daarop het ek van Hanámeël, die seun van my oom, die stuk grond gekoop wat in Anatot lê, en vir hom die geld afgeweeg: sewentien sikkels silwer.
- Jer 32:10** En ek het dit in die brief geskrywe en dit verseël en getuies geneem en die geld afgeweeg op 'n weegskaal.
- Jer 32:11** Toe het ek die koopbrief geneem, die verseëlde een—volgens voorskrif en wetlike bepalinge—en die oop een,
- Jer 32:12** en die koopbrief aan Barug, die seun van Nería, die seun van Magséja, gegee voor die oë van Hanámeël, die seun van my oom, en voor die oë van die getuies wat die koopbrief onderteken het; voor die oë van al die Jode wat in die voorhof van bewaking gesit het;
- Jer 32:13** en ek het aan Barug voor hulle oë bevel gegee en gesê:
- Jer 32:14** So spreek die HERE van die leërskaare, die God van Israel: **Neem hierdie briewe, hierdie koopbrief, die verseëlde een sowel as hierdie oop brief, en sit hulle in 'n erdepot, dat hulle baie dae kan bly bestaan.**
- Jer 32:15** Want so sê die HERE van die leërskaare, die God van Israel: Daar sal weer huise en gronde en wingerde in hierdie land gekoop word.
- Jer 32:16** En nadat ek die koopbrief aan Barug, die seun van Nería, gegee het, het ek tot die HERE gebid en gesê:
- Jer 32:17** Ag, Here HERE, kyk, U het die hemel en die aarde gemaak deur u grote krag en deur u uitgestrekte arm; geen ding is vir U te wonderbaar nie.
- Jer 32:18** U wat guns bewys aan duisende en die ongeregtigheid van die vaders vergeld in die skoot van hulle kinders ná hulle; die grote, die geweldige God, wie se Naam is HERE van die leërskaare,

- Jer 32:19** groot van raad en magtig van daad, wie se oë oop is oor al die weë van die mensekinders om aan elkeen te gee volgens sy weë en die vrug van sy handeling;
- Jer 32:20** wat tekens en wonders gedoen het in Egipteland, tot vandag toe, in Israel sowel as onder die mense, en vir U 'n Naam gemaak het soos dit vandag is,
- Jer 32:21** en u volk Israel uitgelei het uit Egipteland deur tekens en wonders en deur 'n sterke hand en 'n uitgestrekte arm en deur 'n groot verskrikking,
- Jer 32:22** en aan hulle vaders met 'n eed beloop het om aan hulle te gee, 'n land wat oorloop van melk en heuning;
- Jer 32:23** en hulle het gekom en dit in besit geneem, maar nie na u stem geluister en in u wet nie gewandel nie; alles wat U hulle beveel het om te doen, het hulle nie gedoen nie. Daarom het U al hierdie onheil oor hulle laat kom.
- Jer 32:24** Kyk, die walle het gekom tot by die stad, om dit in te neem; en die stad is oorgegee in die hand van die Chaldeërs wat daarteen veg, vanweë die swaard en die hongersnood en die pes. Ja, wat U gespreek het, het gebeur; en kyk, U sien dit!
- Jer 32:25** En tog het U, Here HERE, self aan my gesê: Koop vir jou die stuk grond vir geld en neem getuies, terwyl die stad in die hand van die Chaldeërs oorgegee is!

Jeremia 32:42-44

- Jer 32:42** Want so sê die HERE: Soos Ek oor hierdie volk gebring het al hierdie groot onheile, so bring Ek oor hulle al die goeie wat Ek oor hulle spreek.
- Jer 32:43** En daar sal grond gekoop word in hierdie land waarvan julle sê: Dit is 'n wildernis, sonder mens of dier; dit is in die hand van die Chaldeërs oorgegee.
- Jer 32:44** Gronde sal hulle vir geld koop en die briewe onderteken en verseël en getuies neem, in die land Benjamin en in die omstreke van Jerusalem en in die stede van Juda en in die stede van die Gebergte en in die stede van die Laeveld en in die stede van die Suidland; want Ek sal hulle lot verander, spreek die HERE.

Skriflesing: Jeremia 32:1-25; 42-44

Teks: **Jeremia 32:14b**

Sing- Ps. 89:1,3; Ps. 94:6,10; Ps. 143:1,2; Ps. 2:1,5

Broeder en suster, nog wêér 'n grondpreek. Ons het die reeks begin by Barnabas wat sy grond verkoop het, Judas, die verraaiër se verskriklike bloedgrond, verlede Sondag was ons by Isak en die putgronde, putgrawers wat by Rehoboth kon glo, die Here het vir ons ruimte gemaak. Vanoggend is ons by hom wat in die mees ongewone tyd die opdrag kry, nie om grond te verkoop nie, maar om grond te koop. Wat sit alles weer in hierdie grondtransaksie. Ek wil soveel gaan om te sê, alles wat in die geloof belangrik is, is hierin opgesluit.

Dit het sleg gegaan in Juda. Dis die jaar 587v.C. en rondom Jerusalem daar tussen die berge het die vyandige leërs van Nebudkadneser hulle reeds ingeburger. Groot dele van hulle land was reeds deur hierdie leërs verwoes en is oorgegee aan die vyande. Elke dag het die bloedspoor net groter geword. Daar was geen sprake meer van 'n normale lewe

nie. Huishoudings het op hulle eie soveel kos as moontlik probeer oppot, want dag na dag het hulle net nog erger dinge verwag. Wantroue groei, en die Israelse leiers raak net nog meer desperaat en meer senuweeagtig soos die onheile aangroei.

Koning Sedekia, die Israelse koning, wil Jeremia stilmaak. Hy gooi Jeremia in die tronk. Jeremia, die profeet van die Here, laat 'n boodskap aan die volk agter, alles behalwe wat hulle nou wou hoor. Jeremia verkondig die Here se straf. Vir Jeremia was dit reeds 'n uitgemaakte saak dat Nebukadnesar gaan julle heeltemal inneem. Hy verkondig dan ook aan Israel dit sal julle nie eers help om julleself teë te sit nie. Sedekia kon dit nie vat nie, want die volk het mos nie in die krisisuur nog hierdie doemprofeet nodig nie. Daar moet eerder iemand wees wat positief die volk opbeur, wat 'n vooruitsig en toekoms skilder wat nie eers moet grens aan die donker situasie wat Jeremia die volk voorhou nie. Maar Jeremia hou aan om te bly verkondig dat sy volk kom onder die Here se oordeel oor hulle ontrou, hulle ongehoorsaamheid, en hulle as volk verhard hulle teen wat die waarheid is. Daar moet Jeremia tronk toe gaan, want niemand wou so 'n pessimis langer verduur nie.

Daar in die tronk as Jeremia stil gehou moet word, besef mens niemand maak die Here stil nie. Die Here laat positief 'n tronkbesigheid gebeur wat mens eintlik stom laat. Dis ene geloof wat saakmaak en wat in ons tyd ons met geloofsvertroue moet vervul, as Jeremia grond koop. Dink u dit in, stel u dit voor, as die Here se opdrag na Jeremia kom- *Koop vir jou 'n stuk grond en vat die dokumente, die koopkontrak met die seël en die afskrif sonder seël en sit hulle in 'n kleipot sodat hulle lank kan hou.* Die koning en die volk sou ook hierdie opdrag aan Jeremia hoor.

Vir hulle, en vir ons hier vandag is hierdie opdrag 'n verkondiging wat diep moet gaan lê. Watter troos en belofte is daar nie vir ons in wat die Here hier aan Jeremia beveel nie? U en ek wat moedeloos mag word, die Here sê vir alle volke van alle tye, dat as alles teen jou is, is daar nog steeds die Here se beloftes. En die Here se beloftes mag dalk nie nou vir jou sin maak nie, maar wag maar, want die werklike betekenis van wat jy nou doen, word dikwels eers later duidelik. Vir Jeremia sou dit die allerlaaste ding wees, wat op daardie oomblik vir hom sou sin maak. Om grond te koop, al sou daar nie eers mense kon

wees wat hom die kaart en transport, kon gee nie. Normale regsverkeer het ook tot stilstand gekom. Op aarde is daar geen waarborge wat aan Jeremia gelewer kan word nie, maar die opdrag bly- koop grond!

Die regshandeling word nou die Here se belofte. Dit word 'n kleipot ingelê. Dis al wat Jeremia moes doen. Die kontrak en die afskrif van hierdie kooptransaksie moet in 'n kleipot geplaas word sodat dit lank kon hou. Maar daar in die kleipot laat die Here sy reg en sy verbond nie tot niet gaan nie. Vir die mens het dit ook nog altyd waarde as die Here sy beloftes met klei beseël sodat sy beloftes vir ons moet hou, terwyl sy beloftes glad nie van klei is nie. Ons as mense is die kleidele en het baie keer ook 'n geloof wat kleierig is. Ook as ons in die geloof klei trap. Onwillekeurig dink ons aan hoe Paulus ons as mense sien, as kleipotte wat maklik kan breek. Ons is die mense wat die geloof ontvang, die berging van geloof gebeur in ons, die kleipotte, Maar dan sê Paulus in 2 Korintiërs 4:7- *Maar ons het hierdie skat in erdekruike, sodat die voortreflikheid van die krag van God mag wees, en nie uit ons nie.*

God se voortreflikheid, die Here se krag, is die taal ook van hierdie kontrak wat Jeremia die kleipot moet inlê. Al sou dit vir Israel lyk of die Here nie meer met hulle is nie, is daar die kontrak wat die teendeel vashou. Die deel van God is getrou. Dit wat die Here doen is geldig en bly geldig. Selfs al sou daar 'n krisis kom dan sal die Here hulle ook daardeur lei. Selfs in die krisis koop grond Jeremia, weet dat die Here se beloftes nie deur mense ongedaan gemaak kan word nie.

Wat van ons gevra word is geduld. Daardie kontrak moes eers goed geberg kan word dat dit lank kan hou, want dit wat die Here wil doen gebeur nie eensklaps nie. Baie mense sal begin wonder waar is God dan? Ander sien hierdie dinge uit die vërte gebeur, maar die werklike betekenis daarvan kom nie in hulle eie lewe nie.

Die Bybel wys dit vir ons keer op keer. Hoe 'n mens maar moet aangaan met die gewone daaglikse dinge, selfs die koop en verkoop van plase, al mag die tyd nie reg lyk nie.

Gaan voort en vertrou op God, want God is die Een wat op sy tyd ook weer herstel kan bring.

En nou moet ons weet, wie positief hierdie dinge so mag uitleef, dit neem nie weg dat ons volharding in die geloof sekere konsekwensies sal saamdra nie. By die Dordtse Leerreëls sal ons in besonder op die aspek van volharding by die 2de diens weer ingaan. Telke male is daar die refrein, as ek reg onthou, meer as 22 keer in Hebreërs 11, word van die konsekwensies van Ou Testamentiese gelowiges se geloof gepraat...Elke keer die sin...*omdat hulle geglo het...*

En dan dink ons aan Noag, aan Abraham, aan Ragab, aan Daniël, ja ons kan later ook by Paulus kom sou die Nuwe Testament inkom. Almal word omring deur die konsekwensie van omdat hulle geglo het- Noag hy word die gek van die plek gemaak. Op droë grond bou hy 'n ark, 'n reuse skip, want hy glo daar sal later 'n vloed kom. Die Here het tog belowe, maar vir jare en jare kom die vloed nie. Die gelag van ander mense word groter, harder, dringender, Noag, die dorpsnar. Tog Noag bou, hamerhou na hamerhou slaan hy die ark vas, maar hy slaan eintlik sy geloof vas, soos hy hierdie skip groter maak en klaarmaak, en hy doen eintlik maar net een ding. Hy gaan in geloofsvertroue voort, al sou dit vir homself voel dat dit wat ek nou doen, maak vir myself ook nie heeltemal sin nie. Sê nou maar Noag het opgehou glo, hoe sou dinge op hierdie aarde nie opgehou het nie? Met hom wat kon aanhou glo en gedoen het wat hy moes doen, besef ons vandag het hy die mensheid gered.

Abraham, leef rustig tussen sy mense, en skielik kom daar die opdrag – *Trek uit jou land uit, weg van jou mense en jou familie af na die land wat Ek jou sal aanwys*. En nou wat was die geloof daardie tyd. Mense het geglo die aarde is plat. Selfs as jy te ver sou gaan van dit wat bekend was, was mense bevrees jy gaan op die verste rand afkom, en dan in die dieptes afstort. Abraham se beeld van die wêreld was nie anders as 'n platwêreld - beeld nie, maar hier wys die Here ons hoe geloof werk as die geloof nie plat is nie. Abraham begin te trek, totaal die onbekende in, en op sy reispad is God nou ook 'n swygende God. Die Here praat vir honderde, ja tot tweeduisend kilometer nie 'n woord

met Abraham nie. Vir Abraham op 'n totaal vreemde pad, stadig en te voet, is dit nou maar net die geloof wat die tree aftree God swyg nou ook, en al wat Abraham maar doen hy gaan in geloofsvertroue voort. Môre, vorentoe, hoop ek om waar weer van die Here te hoor. Dis geloof, broeder en suster, wat só praat, al mag my kennis my wil wysmaak, môre mag jy dalk afstort daar waar die aarde ophou.

So kom u en ek meer en meer by die ware inhoud van Jeremia se grondkoperij uit. Dit lê presies op dieselfde vlak. Abraham sou niks weet van hier waar ek gaan opeindig sal my volk nog eendag die aarde snuif trap nie, nou is dit maar hy, sy vrou en hulle diere se spore wat daar lê. En dit is nie die einde van Abraham se omdat hy geglo het nie.

Abraham se leë wiegie was tog so in kontras met God se vol belofte. Jy sal 'n groot nageslag word, buiten hierdie grond. Hoe bou ek 'n nageslag, maar ek het nie eers een kind nie. En as die kind daar is, dan is daar 'n begin, tot die dag wanneer God sou sê- *Vat jou seun, jou enigste seun, Isak, wat jy liefhet, en gaan na die landstreek Moria toe en offer jou seun as brandoffer daar op een van die berge wat Ek vir jou sal aanwys.*

Abraham luister weer, hy begin die verskriklikste trek in sy lewe, berg-op, Moria uit, om daar dan ook nog 'n mes uit te trek. Geliefdes, kan u dit vir u indink, ek kan nie, om die konsekwensies te vat, as die Here se opdrag van so 'n aard sou raak? Om dan nog steeds te sê ek gaan in vertroue voort.

Ons kan ons maar net indink, hoe dit met 'n mens gaan as jy ook 'n berg uitklim. Jy klim hoër en hoër en soos jy elke keer terugkyk word die uitsig groter en wyer, selfs mooier. Die panorama groei, maar Abraham se panorama sou dit menslik wees, sou hoe hoër hy gaan, hoe swaarder, hoe donkerder, hoe benouder, elke tree op, sou voel soos die verskriklikste val in my lewe. En tog, hy wat in geloofsvertroue voortgaan, het 'n ander panorama, die panorama van God se genade. Bo, op die offerplek, die lem blink teen die nek van sy kind, breek 'n stem uit nog 'n baie blinker plek, uit die hemel kom die bevrydingswoord- *Abraham, Abraham, los jou seun! Nou weet Ek dat jy my dien: jy het nie geweier om jou seun, jou enigste seun, aan My te offer nie.* En daar laat die Here die hele toets van wat is geloofsgehoorsaamheid en geloofsvolharding in die horings van 'n

skaapram vaskrul. God wys die konsekwensies deur na Golgota toe. Eendag sal daar vir my Kind nie 'n plaasvervanger wees nie. Maak maar vir Isak los, die konsekwensies wat Ek die Here van jou vra het jy wou deurtrek, al gaan dit om my genade ontwil nie deur nie. Eendag op Golgota sal dit deurgaan...

Hierdie konsekwensies van geloofsvolharding teken ons ook op die gesig van Ragab, sy wat reeds 'n reputasie gehad het. Sy wat deur haar eie mense as die grootste verraaier nog ooit uitgemaak kon word om vir die verspieders so skuilplek te gee. Geloof het in die plek van haar naglewe en hoerelewe ingeskuif, dat selfs sy 'n keer in dieselfde asem as Abraham genoem word as die Nuwe Testament oor geloof praat en die konsekwensies wat 'n mens moet vat as dit waarlik jou geloof is wat oorgevat het.

As geloof kan oorvat, broeder en suster, dan kan mens doen wat Jeremia gedoen het. Koop grond, op die tyd wat dit die minste sin maak, maar as ek die grond uit God se hand kan koop, waarom dan nie? Dan koop ek eintlik in werklikheid nie grond nie, maar ek koop God se beloftes, wat nie gekook is, en wat nie goedkoop is nie, maar wat betaal is in die bloed en in die graf wat Jesus Christus vir ons oopgemaak het. Dan is geloofsgronde baie vaster gronde, as die gronde waarna ons as mense baie keer na dinge kyk. Glo net dat dit grond is wat uit God se hand kom, en nie uit die hand van mense nie.

Te veel leef ons asof ons uit die hand van mense leef. Asof die politiek en die regstellende aksies en die ekonomie die laaste sê oor ons lewe het. Wat ons by Jeremia agterkom is dat as geloof oorvat, dan sal ons nie toelaat dat hierdie ander dinge hierdie groot sê in my lewe sal uitoefen nie.

Wat ons weer moet besef is om saam met geloofsgehoorsaamheid en geloofsvolharding, ook te verstaan wat is geloofsgeduld! Dinge by God lê anders en gebeur anders as wat ons dit baie keer wil hê en die spoed waarna ons verlang werk nie met ons kilometers en seemylskale nie. Nee, die konsekwensies van jou en my se geloofsvolharding word dalk nie eers in ons lewe verreken nie. Dit mag dalk eers 200 jaar (of nog baie langer) van nou af in aanmerking kom- weet dit! Bly gehoorsaam en bly volhard, ook ter wille van

ons nageslag, dit moet u weet. Dan verstaan ek iets van die verbond, ek beleef die verbond, ek glo die werking van die verbond.

Kyk na Jeremia, hy koop grond, Noag, Abraham, Ragab, na wie ons nou reeds gekyk het, Daniël is 'n ouman van reeds oor die 80, sy volk het reeds na die ballingskap na hulle land kon terugkeer, almal sou wou glo nou gaan dinge regkom, maar daar is steeds, struikelblokke, teleurstellings, hindernis op hindernis, die een na die ander. Die tempel word nou maar net nie weer herbou nie.

Broeder en suster, daarom kom ek ook nie vanoggend as ek u die Here se Woord wil bring met 'n kitsresep, vinnige antwoorde en skielike daadwerklike oplossings vir ons tyd en omstandighede nie. Dit werk eenmaal nie so nie! Maar wat van ons gevra word is om opgewonde en positief te wees selfs al leef ons in 'n negatiewe tyd. Nie hierom of daarom nie, maar net om een saak nl. dat mens waarlik nou geloof aan die werk kan sien. Om ook te dink aan een van die bekende na-ballingskap profete Habakuk se bekende woorde- *Alhoewel die vyeboom nie sal bloei en aan die wingerdstok geen vrug sal wees nie, die drag van die olyfboom sal teleurstel en die saailande geen voedsel oplewer nie, die kleinvee uit die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle sal wees nie- nogtans sal ek jubel in die Here, ek sal juig in die God van my heil.*

Vyebome sonder botsels vertel 'n verhaal van droogte, maar ook hoe dit in die land en in die kerk vandag baie keer gaan. Ons lyk soos kaal vyebome, blaarloos, omdat regstellende aksie, omdat geweld, dink aan die spiraal van plaasmoorde! Daar is nou al twee boeke uit getiteld *Treurgrond*, deur medewerking van Solidariteit uitgegee, deur dr. Dirk Hermann, genl. maj. Chris van Zyl en Ilze Nieuwoudt. Die laaste boek boekstaaf die laaste plaasmoord op 27 Des 2012. Dit bring die aantal gevalle in die boek opgeteken op 3319 te staan. Verskriklik nie net hoe baie van ons mense vermoor is nie, maar die wyse, die verskriklikste lyding is hierby ingesluit. Die erns waarmee die dood van ons voorgeslagte in konsentrasiekampe mee gevul wees, hierdie is niks minder ernstig nie.

Ons dink aan ons kerkverband, al hoe meer kere begin ek wonder die Gereformeerde kerke, hoe lank sal die verband van kerke nog in die kerkverband bestaan soos ons dit nou ken. Ons voel die vyeboom bot nie, die Gereformeerde kerke, dit is só, ons groei nie, ons kerkverband krimp byna jaarliks met die getal van 'n hele gemeente of wat, maar mag ek vanoggend vra- jubel ons- al bot die vyeboom nie.

Ons sal net kan jubel om die regte redes. Om Jesus Christus en wat Hy vir ons gedoen het, Hy in die eerste plek. Maar uit Hom en deur Hom en tot Hom, sluit ek af met net nog 'n paar grondkoopgedagtes uit die Woord. Jeremia koop grond in die mees ondenkbare tyd, want geloof kan oorvat as daar oorgevat moet word. Psalm 18, gaan lees gerus die pragtige Psalm by die huis as Dawid sê in vers 30- *Want met U loop ek 'n bende storm, en met my God spring ek oor 'n muur.* Dawid se omstandighede is alles behalwe gunstig, maar ons ontdek by hom lewensmoed. Juigend jubelend roep hy dit uit- ja ons sien hom saam met Paulus praat, ook as Paulus sê- *Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.*

Van Dawid kan ons sê- al word ek lewensmoeg, ontvang ek steeds lewensmoed. Mag u dit ontvang- daardie moed! As u 'n fase van lewensmoegheid deurgaen, konfronteer uself met die vraag- Waar sou ek gewees het, sonder God? Waar is my geloof nou? Sou ek nie, sonder God, rede gehad het tot lewensmoegheid nie. Maar nou, God kan my lewe volmaak. Lewensmoeg word lewensmoed. Dawid het dit dikwels nodig gehad. Dink aan 1 Samuel 30- as ons in vers 6 lees- *Dawid het homself versterk in die Here sy God...* Om jou in die Here te versterk is om krag te gebruik. Maar nie jou krag nie, wel die krag wat daar tot jou beskikking is. Dit maak jou vol. Dis goddelike krag. Dis om te besef en om te hê dit wat Paulus ook gesê het- Efesiërs 5:18- *Moenie dronk word van wyn nie- daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul.*

Ons kan dink aan iemand wat leer looi. Daardie leer word in 'n bad gegooi met soute en kruie en vette, en al daardie vloeistowwe trek die leer in die leerproses in. Dat dit word sag en bruikbaar. Drank maak ook só. As jy jou in daardie bad gooi van drankmisbruik, dan trek dit jou hele lewe deur. Jou lewe en lewer word inderdaad later soos 'n stuk leer.

In plaas daarvan dat drank jou hele lewe deurweek- dit vloeï oral in, alle aspekte van jou lewe word daardeur beïnvloed, laat die Gees om die vergelyking te gebruik ons “drank” wees. Mag die Gees oral in”-vloeï”, dan is mens met die Gees vervul. Dan beteken dit dat ek elke dag met my lewenstaak sal aangaan, ek dit met krag en met geloof wil doen.

Ons gaan aan in hierdie land, en ons wil nog steeds bouwerk hier doen. God wil ons in sy koninkryk, nou nog, ook hier gebruik. Mag die Here ook van u sê soos Hy die Here praat van daardie rye en rye mense in Hebreërs 11- ...*omdat hy/sy geglo het...* Deur jou geloofsvolharding kan daar nog groot dinge gebeur. Selfs dinge wat vir gelowiges na ons gaan saakmaak. Geloof is nie ‘n voetpad of grootpad uitgeteer met maanskyn en rose nie. Baie keer is dit ‘n trekpad, Abraham, ‘n spotpad Noag, ‘n tronkpad Jeremia, ‘n rooi lyntjepad-Ragel, ‘n doringpad- Paulus, om van die verskriklikste pad- Jesus se kruispad, nie te vergeet nie. Gelowiges het ook pyn, swaarkrytye, finansiële kommer. Gelowiges se worstelinge is baie keer meer intens as ongelowiges s’n, selfs op die sterfbed mag dit só wees.

Onthou Jeremia se ongewone plaaskoop, die kontrak, bewaar die boodskap hiervan, nie in ‘n kleipot nie, maar in u gelowige hart. Laat jou toekoms met vertrou in die hande van God, die Almagtige, Hy die Here wat oor alle dinge beskik. Die Here het iewers tog Self gesê- *Wanneer die laaste dinge gebeur, sal ek nóg die Here wees.*

AMEN